## BOEKBESPREKING

R. B. Jones: *The latter days.* Baker Book House, Grand Rapids, Michigan. 1961. 196 bl.

Die skrywer stel 'n hoogs belangrike teologiese onderwerp aan die orde. Hy gaan egter nie daarop los filosofeer nie. Met groot erns trag hy om die diepere sin van die Heilige Skrif in verband met sy onderwerp na te speur.

Vooraf stel hy eers vir homself sekere hermeneutiese reëls vas waarvolgens hy gaan werk. As mens die oog laat gaan oor enkele konklusies soos die essensiële eenheid van die Bybel, die progressiewe karakter van die Openbaring en die regte verhouding van Ou en Nuwe Testament, dan val dit reeds op hoe behartigenswaardig die werk beloof om te wees.

Deurgaans bly die outeur ook Skrifgebonde en hy maak geen stelling wat hy nie uit die Skrif trag te bewys nie. Oor die verwerping van die Jode as volk van God is hy baie uitgesproke. Prikkelend en behoudend veral is sy opvatting oor die koninkryk van God en die duisendjarige ryk. Die laaste hoofstuk van die boek, wat handel oor die eskatologiese gebeure, plaas tereg die wederkoms van Christus sentraal maar gee ook aandag aan verskillende preliminêre en gelyktydige gebeurtenisse.

Die boek word sterk aanbeveel. Dit lees maklik met sy vloeiende en boeiende styl, en besit keurige bronne-, sake- en tekstelyste.

S. C. W. Duvenage.